

Woensdag 30 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 5:7-12

Fokusgedeelte: Jakobus 5:8-9

# Lewende geloof is lewende Christusdade: Om af te wag, vra van jou om met geduld teenoor alles en almal op te tree

Hoe maklik gebeur dit met mense dat hulle saamstaan in afwagting op iets of om 'n bepaalde doel te bereik. Wanneer daardie iets nie in afsienbare tyd gebeur of die doel bereik word nie, ontstaan daar meningsverskil. Dan begin mense ongeduldig raak en ontstaan daar spanning sodat hulle teenoor mekaar mor, en gou-gou is daar onenigheid.

Die ongeduld het ook onder die verstrooides kop uitgesteek. Daar was by hulle 'n wederkomsverwagting in hulle leeftyd. Namate dae gekom en gegaan het, het sommige ongeduldig geraak en met mekaar begin verskil. Die geduld met mekaar en dit waarmee hulle besig was, het soek geraak.

Vaderlik bemoedig Jakobus sy lesers aan die hand van drie opdragte. Hulle moet geduldig wees, hulle moet hulle harte versterk en hulle moet hulle herinner aan hoe die profete geduld aan die dag gelê het. Geduldig soos die boer saad aan die aarde toe-vertrou en deur God se genade van reën en seën op die kosbare vrug van die oes wag. Om jou hart te versterk, beteken om só ingestel te wees op Jesus Christus se wederkoms dat dit krag gee om lyding en onreg te verdra. By die geduld kom die moedhou (om te verdra en te volhard) ten spyte van enige teëspoed. Al het die Here Jesus die beker van lyding tot die laaste druppel moes drink, het Hy tog gesmeek: Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied (Luk. 22:42)!

Moet daarom in jou wag nie plek gee vir ongeduld om jou medegelowige in die hare te vlieg nie. Dink maar aan Job en die profete. Hulle moes God se wil verkondig en dan getrou wag tot Hy dit met die daad bevestig. Só is die gelowige se oog op God gevestig en op die wederkoms van die Here Jesus dat geen aardse onreg jou van koers kan dwing nie. Dit sluit in dat jou ja immer ja is! Só wek die liefde deur die Gees liefde.

*Sing: Psalm 4:4 (1936)*

*Ds. SD (Vasie) de Kock (Emeritus)*